



Bou ons kinders vir môre

Godsdiensonderrig 2

Lestitel: Die sakramente

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig



Liewe Ouer

Welkom by die les: “**Die sakramente**”

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSH5
2.	<p>Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is:</p> <ul style="list-style-type: none">• Bybel• Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is• Kind se werkboek, potlode, kryte, ens.• Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is• Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) <p>Nota:</p> <p>2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdien, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou.</p> <p>2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie.</p> <p>2.3: Die les is vir 'n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)).</p> <p>2.4: Kontak gerus u Sondagskoolonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.</p>
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.



Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. Voorbeeld: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.



Die Les

Lestitel	Die sakramente
Bybelwoord	Johannes 3: 5, Handeling 8: 14-17 en Lukas 22: 19-20
Lesdoelwit	Die kinders word bekend met die sakramente.

Lesopsomming:

- Die woord “sakrament” is afgelei van Latyn en beteken “eed van diens, lojaliteit of getrouheid”.
 - Sakramente is heilige handeling waardeur God gemeenskap met Hom bewerkstellig.
 - Hierdie handeling simboliseer die nuwe verbond tussen God en die mens.
 - Die bediening van die sakrament is 'n sigbare daad en wanneer ons die sakrament ontvang, het dit op ons 'n innerlike uitwerking wat onsigbaar is.
 - Jesus Christus het die sakramente ingestel. Dit word bedien deur gebed en die woord wat met mag en gesag uitgespreek word, en deur water, brood en wyn te gebruik.
 - 1 Johannes 5: 8 sê: “en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed; en die drie is eenstemmig.” Wat beteken dit?
 - Hier stel die Gees die **Heilige Verseëling** voor,
 - Water verteenwoordig die **Heilige Doop** en
 - Bloed verteenwoordig die **Heilige Nagmaal**.
 - Die sakramente is die middel tot volmaaktheid en geestelike genesing van die mens en is nodig om ewig gemeenskap te hê met die Drie-enige God - om sy Koninkryk binne te gaan.
 - Hierdie drie sakramente word dus in die Nuwe Apostoliese Kerk bedien.
- Heilige Doop:** (Johannes 3: 5, Mattheus 28: 19-20 en Handeling 8: 36,38)
- Die Heilige Doop met water is deel van die wedergeboorte, en is nodig vir ons om in God se Koninkryk in te gaan. Deur die doop sluit God 'n verbond met die mens en word ons oorspronklike sonde weggewas. Ons word 'n Christen en word deel van die Liggaam van Christus.
 - Jesus self is ook deur Johannes die Doper in die Jordaanrivier gedoop.
 - Alle mense kom in aanmerking vir die Heilige Doop, ongeag hul oorsprong of status.
 - In ons kerk word babas en volwassenes soos volg gedoop:
 - Daar word gebed oor 'n bak water om dit te heilig/seën in die naam van die Drie-enige God.



Die dienskneg wat die doop uitvoer, doop dan sy vinger in die geheiligde water en maak die teken van die kruis drie keer op die voorkop van die persoon wat gedoop word. Hy doen dit terwyl hy die volgende woorde uiter: Die naam van die persoon, ek doop jou in die naam van God, die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

● Die een wat gedoop word belowe om sy / haar lewe te leef in ooreenstemming met God se wil. Wanneer kinders gedoop word, neem ouers hierdie verantwoordelikheid tot die konfirmasie van die kind, wanneer hulle self self die belofte maak..

Heilige Verseëling: (Efesiërs 1: 13-14 en 4:30)

● Heilige Verseëling is die uitstorting van die gawe van die Heilige Gees deur apostels.

● Heilige Doop is 'n vereiste voordat Heilige Verseëling uitgevoer kan word.

● Holy Verseëling is deel van die wedergeboorte; dit is die basis vir die volledige vernuwing van die innermens.

● Deur Heilige Verseëling word iemand 'n kind van God nadat hy/sy 'n belofte maak om:

'n lewe te lei volgens die belering van Jesus Christus en die apostels,

Christus en sy apostels getrou n ate volg en

God se woord te aanvaar en daarvolgens te leef.

● Ouers neem hierdie belofte namens hul kinders en bly verantwoordelik tot konfirmasie.

● Ons ontvang die Heilige Gees direk deur gebed en handoplegging van 'n lewende apostel.

(Handelinge 8: 14-17 en Handelinge 19: 1-6)

● Na sy doop het Jesus ook die Heilige Gees ontvang en God het Hom as sy Seun erken.

(Lukas 3: 22)

Nagmaal: (Lukas 22: 19-20, Johannes 6: 53-57 en 1 Korinthiërs 11: 23-28)

● Heilige Nagmaal is die sakrament wat deur Jesus self ingestel is, ter herinnering aan sy lyding en dood.

● Dit is 'n viering van vreugde, dank en lof.

● Soos Jesus brood en wyn geneem en gedank het, kom die gemeente voor God om Hom te loof en te dank vir die offer van sy Seun.

● As ons aan die Heilige Nagmaal deelneem, ontvang ons die liggaam en bloed van Christus en die krag om die bose te oorwin - om hindernisse vir ons ewige verlossing te oorkom.

● Heilige Nagmaal word deur vryspreking voorafgegaan, wat die vergifnis van sondes meebring. (Ons bid die Onse Vader en daarna vind die vryspreking deur die dienskneg plaas.)



- Waardige (ernstige) deelname, bewerkstellig ware gemeenskap met Jesus Christus - ons bly in Christus.

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

Drie sakramente word in die Nuwe Apostoliese Kerk bedien:

- Heilige Doop – deel van die wedergeboorte met water en oorspronklike sonde word weggewas,
- Heilige Verseëling - ontvangs van die gawe van die Heilige Gees deur gebed en handoplegging deur 'n lewende apostel en
- Heilige Nagmaal - ons ontvang die liggaam en bloed van Jesus, die krag om die bose te oorwin en ware gemeenskap met Jesus Christus.
- Al drie sakramente is ewe belangrik.
- Heilige Nagmaal word deur vryspreking voorafgegaan, die vergifnis van sondes.
- Die aanvaarding van al drie sakramente is 'n voorvereiste om in die Koninkryk van God in te gaan.

Die sakramente is 'n gawe van God se wonderlike genade vir ons en is nodig om ewige gemeenskap met Hom te hê.

Doen oefening 1, 2, 3 en 4 met u kind / kinders

'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Liewe God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om u wil te doen

Sodat ons nader aan U kan groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet. Amen